

Graad 12 Besigheidstudies
Onderwerp 3: Kwartaal 2
Beleggings: Versekering
Besigheidsgeleenthede – Vraestel 2

Versekeringskonsepte:

Oor versekering	
Onderversekering	
Awery klousule	
Bybetaling	

Betekenis van versekering:

Betekenis van nie-verpligte versekering:

- Nie-verpligte versekering is vrywillig / die versekerde het die keuse om 'n versekeringskontrak te sluit.
- Versekerde sal 'n wettige versekeringskontrak aangaan met die versekeraar, wat deur 'n versekeringsmakelaar verteenwoordig kan word.

Berekening van die awery klousule:

Voorbeeld:

Jannie besit 'n grasdakhuis ter waarde van R 1 000 000. Hy het sy huis verseker met Pro-Cover Versekerers vir R 800 000. 'n Vuur in die kombuis het skade van R 30 000 veroorsaak.

- Bereken die bedrag wat Pro-Cover Versekerers Jannie sal betaal om skadevergoeding te dek. Toon ALLE berekeninge
- Verduidelik aan Jannie die rede waarom hy nie kwalifiseer vir die volle bedrag van skadevergoeding.

Oplossing:

$$\frac{R\ 800\ 000 \times R\ 30\ 000}{R\ 1\ 000\ 000}$$

$$= R\ 24\ 000$$

Redes hoekom hy nie kwalifiseer vir die volle bedrag van skadevergoeding

- Jannie het sy huis vir minder (R800 000) verseker as die markwaarde (R1 000 000).
- Hy was onderverseker sodat die awery klousule geaktiveer moes word.
- Hy sal slegs R24 000 vir skadevergoeding ontvang, en nie die volle bedrag van die eis nie (R30 000).

Herinbesitstelling:

Voorbeeld: 'n Besigheidseiendom wat vir R 300 000 verseker is, maar die markwaarde van die eiendom is R 200 000. As dit deur brand vernietig word, sal die versekeraar die eiendom herbou in plaas van kontant uit te betaal.

NOTA:

- Herinbesitstelling is van toepassing wanneer goedere / bates oorversekerd is.
- Daar is geen formule vir die berekening van oorversekering nie. Daarom sal jy nie gevra word om oorversekering te bereken nie.

Verskil tussen versekering en assuransie:

Versekering	Assuransie
Die versekerde dra die koste van potensiele verlies oor aan die versekeraar teen 'n sekere premie.	Die versekeraar onderneem om 'n ooreengekome bedrag te betaal na verloop van 'n sekere periode verby is/met die dood van die versekerde, wat ookal eerste gebeur.
Voorbeelde • Eiendomsversekering, Geld in transito, Diefstal, Inbraak, Brand	Voorbeelde • Lewensversekering, Uitkeerpolisie, Aftree annuïteite

Voordele/Belangrikheid van versekering vir besighede:

- Oordrag van die risiko van die besigheid / versekerde aan 'n versekeringsmaatskappy / versekeraar.
- Oordrag van risiko is onderworpe aan die bepalings en voorwaardes van die versekeringskontrak.
- Beskerm die besigheid teen diefstal / verlies van voorraad en / of skade wat veroorsaak word deur natuurrampe soos oorstromings, stormskade, ens.
- Besighede sal vergoed word vir versekerbare verliese, bv. vernietiging van eiendom deur brand.
- Besighede bates, bv. voertuie / toerusting / geboue moet verseker word teen skade en / of diefstal.
- Besighede word beskerm teen die verlies aan verdienste, bv. stakings deur werknemers wat lei tot miljoene verliese.
- Beskerm besighede teen oneerlike werknemers.
- Beskerm besighede teen verliese weens die dood van 'n skuldenaar.

Voorbeelde van versekerbare en nie-versekerbare risiko's:

Versekerbare risiko's	Nie-versekerbare risiko's
Voorbeelde:	Voorbeelde:

Voorbeelde van korttermyn en langtermyn versekering:

Korttermyn versekering	Langtermyn versekering
<ul style="list-style-type: none">• Eiendomsversekering• geld in transito• diefstal• inbraak• brand	<ul style="list-style-type: none">• Uitkeerpolis• Lewensdekkingspolis / Lewensversekering• Uittree annuïteit / Pensioenfonds / Voorsorgfonds• Gestremdheidspolis• Traumaversekering• Begrafnisversekering• Gesondheidsversekering / Mediese fonds

Beginsels van versekering:

Vrywaring	
Sekuriteit/Sekerheid	
Uiters goeie trou	
Versekerbare belang	

Verskil tussen vrywaring en sekuriteit/sekerheid:

Vrywaring	Sekuriteit
	Van toepassing op langtermynversekering, bv. lewensversekering, uitkeerpolis, begrafnispolis, ens.
Versekerde moet in dieselfde finansiële posisie geplaas word soos voor die verlies./Versekerde mag nie wins maak uit versekering nie.	
	Verseker dat die afhanklikes die genomineerde bedrag sal ontvang wanneer die gebeurtenis plaasvind.
Die bedrag uitbetaal word bepaal deur die regte waarde van die verlies.	

Die lewensvatbaarheid en relevansie van versekering vir individue en besighede:

- Dit is die vermoë van die versekeraar om uit te betaal wanneer dit nodig is.
- Dit is belangrik om 'n betroubare en gevestigde versekeringsmaatskappy te kies.
- Versekering moet finansiële sin hê aangesien versekeringskoste hoog kan wees en hulle dikwels op risikofaktore gebaseer is.
- Die individu of besigheid moet seker wees dat daar 'n werklike risiko is wat gedek moet word.
- Die versekering moet nie meer kos as wat dit sou kos om die versekerde goedere te vervang nie.
- Die versekerde moet alle redelike stappe neem om die risiko self te verminder en die versekeringsmaatskappy oor die depresiasie van hul bates te lig.
- **Voorbeeld:** 'n Klein onderneming sal minder betaal om sy kantoor toerusting te verseker as dit goeie sekuriteit en alarm het. Dit moet ook onthou om die waarde van sy toerusting elke jaar aan te pas aangesien dit depresieer.

Verpligte versekering:**1. Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF):**

- a. Die WVF bied voordele aan werkers wat gewerk het en werkloos geraak het om verskeie redes.
- b. Besighede dra 1% van die basiese lone teenoor WVF by, dus verminder die koste van die verskaffing van WVF voordele self.
- c. Werknemers dra 1% van hul basiese loon by WVF by.
- d. Die bydrae van besighede aan WVF verhoog die bedrag wat uitbetaal word aan werknemers wat werkloos word.
- e. Alle werknemers wat minstens 24 uur per maand werk, moet geregistreer wees vir WVF / bydrae tot die WVF.
- f. Dit is 'n bekostigbare bydrae wat besighede dit moontlik maak om plaasvervangende werkers in sommige gevalle aan te stel.
- g. Die besigheid kan nie verantwoordelik gehou word vir werkloosheidsdekking nie omdat die WVF direk betaal aan / afhanklikes van afgestorwe bydraers.
- h. Besighede is verplig om hul werknemers by die fonds te registreer en bydraes te betaal tot die fonds.

Voordele van WVF:

Werkloosheids-voordele	<ul style="list-style-type: none">• Werknemers wat werkloos / afgedank word weens herstrukturering / 'n vervalde kontrak, kan binne ses maande nadat hulle werkloos geword het, eis.• Werklose werknemers mag slegs eis indien hulle bygedra het tot WVF.• Werklose werknemers geniet hierdie voordele totdat die toegewysde fondse uitgeput is.• Indien 'n werker sy / haar kontrak vrywillig beëindig, mag hy / sy nie eis nie.• Geen belasting is betaalbaar op werkloosheidsvoordele nie.
Siekte voordele/ Ongeskiktheid	
Kraamvoordele	
Aannemingsvoordele	<ul style="list-style-type: none">• Werknemers mag hierdie voordele ontvang indien hulle 'n kind jonger as twee jaar aanneem.• Werknemers wat onbetaalde verlof neem / mag deel van hul salaris kry terwyl hulle die kind by die huis versorg.• Slegs een ouer / maat mag eis.
Afhanklikes se voordele	

2. Padongelukkefonds:

- POF / POVS verseker padgebruikers teen die nalatigheid van ander padgebruikers.
- Die POF / POVS bied verpligte dekking vir alle padgebruikers in Suid-Afrika, wat Suid-Afrikaanse besighede insluit.
- Bestuurders van besigheidsvoertuie word vrygestel teen eise deur persone wat beseer word in voertuigongelukke.
- POF / POVS word befonds deur 'n heffing op die verkoop van brandstof / diesel / petrol.
- Die bedrag wat geëis kan word vir verlies van inkomste word beperk deur wetgewing.
- Die naasbestaandes werkers / broodwinners wat in padongelukke beseer / gedood word, kan direk van POF / POVS eis.
- Beseerde partye en nalatige bestuurders word beide deur POF / POVS gedek.
- Die beseerde party sal vergoed word, ongeag of die nalatige bestuurder ryk / arm / versekerd / onversekerd is.
- POVS het ten doel om 'n voordele skema te bied wat redelik / billik / bekostigbaar / volhoubaar, ens.
- POVS het ten doel om die eisproses te vereenvoudig / bespoedig omdat slagoffers van padongelukke nie meer moet bewys wie die ongeluk veroorsaak het nie.
- POVS stel slagoffers van padongelukke vinnig in toegang tot mediese sorg, aangesien verdragings weens die ondersoek na ongelukke verminder is.

3. Vergoedingsfonds / Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes / COIDA:

- Die fonds dek beroepsiektes en werksbeserings.
- Vergoed werknemers vir beserings en siektes wat by die werk aangegaan word.
- Vergoeding wat betaal word, word bepaal deur die graad van ongeskiktheid.
- Die bydrae wat betaalbaar word, word elke paar jaar hersien volgens die risiko verbonde aan daardie tipe werk.
- Alle werkgewers is verplig om by die vergoedingsfonds te registreer sodat werknemers vergoed word vir ongelukke en siektes wat in die werkplek ondervind word.
- Die fonds dek werkgewers vir enige regs eis wat werkers teen hulle mag bring.
- Werkgewers moet alle ongelukke binne 7 dae en beroepsiektes binne 14 dae aan die Vergoedingskommissaris rapporteer.
- Werkgewers is verantwoordelik vir die bydrae tot die fonds en mag nie geld terug eis van werknemers nie / bydraes van lone aftrek.
- In die geval van 'n werknemer se dood as gevolg van 'n werksverwante ongeluk / siekte, sal sy / haar afhanklike (s) finansiële ondersteuning ontvang.
- Werknemers hoef nie by te dra tot hierdie fonds nie.
- Werknemers ontvang mediese hulp, mits daar geen ander party / mediese fonds betrokke is nie.

Verskil tussen verpligte en nie-verpligte versekering:

Verpligte versekering	Nie-verpligte versekering
Is deur die wet vereis / daar is regsverpligtinge om dit uit te neem en te betaal.	
	Versekerde betree 'n wettige versekeringskontrak met die versekeraar, wat deur 'n versekeringsmakelaar verteenwoordig mag word.
Betaling is in die vorm van 'n heffing/bydrae wat betaal word in 'n gesmentlike fonds, waaruit voordele geeis kan word onder sekere omstandighede.	